
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.co.za

DIE GODHEID VAN JESUS

Die godheid van die Here Jesus Christus is nog altyd aangeval, al sedert Hy op die aarde gewandel het, maar kortgelede is daar weer 'n sigbare herhaling van antagonisme hieroor vertoon. Sommige Christen kerke is selfs skuldig dat hulle twyfel in die denke van hul bekeerlinge geplaas het oor Sy maagdelike geboorte en Sy opstanding. Daar is diegene wat glo dat "Jesus 'n goeie man was, 'n merkwaardige leermeester en 'n "profeet" en Hy was! - **maar Hy is baie meer as dit!** Daar sal altyd die spotters en die koggelaars wees en die wat die Evangelie wil afwater deur die WAARHEID waarop die HART van die mens se ewige verlossing hang te bevraagteken. En dit is - **DIE GODHEID VAN JESUS CHRISTUS. Heb. 5:9** sê: **En nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword.**

Daar is baie skrif in die Bybel wat Jesus as God bekend maak. Hy word die Almagtige genoem en ons lees dit in **Openb.1:8: Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.**

Hy is die enigste Potentaat (Monarg, Heerser), soos beskryf in **1Tim. 6:15: Wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here.**

En in 1 Kor. word na Jesus verwys as die Koning van Heerlikheid. **1 Kor.2:8: Wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie-want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie.**

In Filippense word Hy beskryf as God se gelyke. **Fil. 2:6:Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie.**

En Jesus het gesê dat Hy al voor Abraham se tyd daar was, verwysend na Homself as, EK IS! **Joh. 8:58: Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek.**

Jesus, die Lam van God, is Here en Koning. **Openb. 17:14: Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

En Thomas het Hom as God herken na Sy opstanding. **Joh. 20:28: En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!**

Die Apostel Paulus, in die Boek van Kolossense, brei uit oor hierdie waarheid en beskryf die goddelikheid van Jesus Christus in diepte: **En die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig- Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes. Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte-alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis - ek sê deur Hom - die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele (Kol. 1: 12-20).

Toe Jesus in hierdie wêreld gekom het om die mensdom te verlos, was Hy 100% God en 100% mens, en dit is waarom Hy en Hy alleen ons Verlosser kon wees. Onthou dat Jesus God IS! Ons lees in die eerste hoofstuk van die Evangelie van **Johannes, verse 1-14**: **In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig. Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid.**

Jesus het na die wêreld gekom om ons van die koninkryk van die duisternis te verlos en van Satan se slawerny en Hy het as 'n mens gekom. Hy was God wat vlees geword het! Wat 'n oorweldigende werklikheid! **Jes. 7:14: Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem.** Die profesie was vervul met Maria se rein bevrugting, en die engel van die Here het die dinge aan Josef vertel, aan wie sy verloof was. Ons lees dit in **Matt. 1: 20 -25: Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmanuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons. En toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gedoen soos die engel van die Here hom beveel het en sy vrou by hom geneem; en hy het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom Jesus genoem.**

Die Naam Emmanuel beteken "God met ons", en die naam 'Jesus" beteken " redding ". Ons lees in **Jes. Hoofstuk 9, verse 5 en 6** die wonderlike profesie wat in die Ou Testament gegee is van die Messias wat kom - Jesus: **Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors - tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.**

Die enigste hoop vir die mensdom om van Satan se heerskappy in die wêreld gered te word, was dat God Self in die vlees sou kom en Sy eie Heilige Bloed sou stort om vir ons sondes te betaal. En dit het Hy op Golgota gedoen. **Rom.3:23** vertel ons: **Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,** die mens het 'n Verlosser nodig, en daardie Verlosser is Jesus.

Ons lees in **Joh. 14: 6-7** die Woorde van Jesus aangaande Homself: **Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My geken het, sou julle my Vader**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf bl. 2)

ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.

Sy woorde is gees en hulle is lewe! **Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe (Joh. 6:63).**

Aan die ander kant is Satan 'n leuenaar en 'n bedrieër en sy woorde is wêrelds (is aanloklik vir die vlees) en is dodelik. Hy kom om te steel, te slag en te verwoes **(Joh.10:10).** As ons hom toelaat, sal hy ons denke van die waarheid beroof en ons liggaam dood maak. Hy is nie tevrede voordat sy plan van vernietiging van die persoon volkome is nie. Jesus bring egter meer oorvloedige lewe, in hierdie lewe en in die lewe hierna, en wanneer ons syne is, is ons beskerm en hoef nie te vrees nie. Jesus het gesê dat die duiwel 'n moordenaar, 'n leuenaar en die vader van alle leuens is. **Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mense moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan (Joh. 8:44).** Aan die kruis het Jesus die duiwel geopenbaar en het 'n openlike vertoning van hom en sy demone gemaak, en Hy het aan ons die waarheid in Sy Woord gegee hoe om die ewige lewe te verkry. Die mens het die keuse om Jesus te glo en die prys van die Ewige Lewe te ontvang of die waarheid te verwerp wat sal uitloop op die dood (ewige verdoemenis).

Jesus het by baie geleenthede in gelykenisse gepraat, om die waarhede aangaande ewige verlossing of verdoemenis te illustreer. Hy het uit die hemel gekom om vir ons te sterf, maar ook om ons te leer en in Sy weë te onderrig, en Sy Woord bevat alles wat Hy geleer en onderrig het. Sy laaste belofte "dat Hy SAL terug kom" sal vervul word wanneer Hy met die wegraping terug kom om Sy Bruid te kom haal. DIEGENE VAN ONS WAT HOM LIEF HET EN SMAG NA SY VERSKYNING, WAT VIR HOM LEEF, SY WOORD GLO, SY WOORD VERKLAAR EN VOLGENS SY WOORD OPTREE TOT DIE EINDE VAN ONS LEWENS HIER OP AARDE! Ons wat Sy wederkoms verwag.

Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het (2 Tim. 4:8).

Negentig persent van die Here se beloftes in die Woord is vervul, en die wat oorbly sal tot die laaste letter vervul word – ons wag op die vervulling van die volgende profesie en dit is wanneer Hy terug kom om Sy Bruid te kom haal. Die belofte word bevestig in Openb. Hoofstuk 22. Johannes skryf, **En hy** (die engel) **het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad (Openb.22:10 – 14).**

Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet (Openb. 22:16-17). Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! (**Openb. 22:20)**

In die begin was alles wat geskape is deur Jesus geskape. God het gespreek en Jesus het die gesproke woord vervul. Die godsdienstiges het geskreeu, "kruisig Hom!", en nie een van die tien duisende wat Hy genees en geleer het of die wat naby Hom was, het tot Sy hulp gekom in woord of daad nie, maar het vreesbevange uitmekaar gespat en Hom ontken. Onthou dat Jesus God was, en Hy was hulle Skepper!

Om reg te wees moet ons met elke geleentheid Jesus voor mense bely, getuig oor Hom en vertel wat Hy vir ons gedoen en beteken het. **Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is (Matt. 10:33).**

HANNUKAH – *FEES VAN TOEWYDING* (2-10 Des.)

In Desember onststaan 'n nuwe ywer en begeerte in ons hart om ons opnuut toe te wy as 'n "tempel van die Lewende God" **(2 Kor. 6:16)** – om Hom in groter maat te dien en lief te hê. Soos die mense in die wêreld Nuwejaarsvoornemens maak. Die fees van Toewyding of Hannukah (Hebreeus) in Desember 'n ideale geleentheid vir hertoewyding. Jesus het dan ook hierdie fees bygewoon – ons lees in **Joh. 10:22-23: En dit was die fees van die tempelyding in Jerusalem, en dit was Winter. En Jesus het in die tempel gewandel in die pilaargang van Salomo."**

Soos ons God toelaat om ons te reinig deur Sy Woord en Sy Heilige Gees – sal ons ons lig kan laat skyn in hierdie duisternis wat ons omring, veral in Desember wanneer die wêreld 'n ander Fees vier op 'n heel and manier. **En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie my volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.**

Die oorlewering aangaande Hannukah speel af in die geskiedenis van een van die donkerste periodes van Israel se bestaan. Die Jode was gedwing om in hul eie tempel slegs te offer aan Griekse afgode, òf hulle is gewelddadig om die lewe gebring. Die Joodse tempel priesters is vervang deur immorele Helleniste. Wanneer afskrifte van die Heilige Skrifte (Ou Testament) op hul perseel gevind is, is hele Joodse families uitgeroei. Die lees van die Tora (laaste 5 boeke van Ou Tetsmaent) was strafhaar met die dood. Vir Israel het duisternis die oorhand gekry en hulle was sonder hoop.
Daar was egter 'n klein ligstraaltjie! Mattathias, 'n ou Joodse priester het regverdiglik geweier om 'n vark aan Jupiter in die tempel te offer. Dit het aanleiding gegee tot 'n vurige opstand onder 'n klein oorblyfsel Jode. Getrou aan die God van Israel, herenig hulle dan onder Mattaihias en Sy vyf seuns en word bekend as die Makkabeërs (Hammerers).

Na drie jaar van geurriillaoorlog in die berge en bosse van Israel, verslaan 10 000 primitief gewanpende Jode 65 000 van die wêreld se mees gesofislikeerde troepe.

'n Klein krygsbende van toegewyde priesters en gewonde mense was bevoeg om die mag van die sterkste weermag op aarde te oorwin! Omdat leiding van Judas Makkabees verower hulle Jerusalem. Hul jubeling oor hul oorwinning word egter vinnig gedemp toe hulle die ontheiliging in die tempel sien. Die stad waarin offers gebring was aan die Skepper van die heelal, was nou ontheilig deur die oprigting van 'n heidense standbeeld en varke is geoffer op die altaar in die tempel. Aantekeninge van die oorweldigende smart van Makkabee toe hy die verwoesting in die tempel sien kan nageslaan word in de historiese boek: 1 Makkabees 4:36.

Vir die volgende paar dae het die getroue Makkabees en sy mense die besoedelde tempel gereinig. Vroeg in die Hebreeuse maand Kislev is die tempel weer toegewy aan die Almagtige van Israel en welvoeglige aanbidding en offers is herstel. Die aansteek van die goue kandelaar met die sewe arms was deel van die reinigingsritueel, dit moes eerstens lig verskaf in die tabernakel en daarna ook in die tempel **(Eks. 25:31-40, 2 Kor. 4:7).**

Volgens oorlewering kon hulle slegs 'n klein kruikie met suiwer olyfolie vind, genoeg om die kandelaar vir slegs een dag te laat brand. Eers agt dae later kon nog olie Jerusalem bereik, tog het die kandelaar bly brand. Uit hierdie oorlewering het die gebruik ontstaan rondom die "Hannukah" met sy agt arms in plaas van die tradisionele sewe arms. Die agt arms natuurlik ter herinnering aan die agt dae wat die kandelaar gebrand het. Deel van die tradisie is om elke agtereenvolgende aand een lampie van die "Hannukah" aan te steek, wat dan weer vergelyk met 'n toename in heiligheid soos die fees in vervulling gaan. Net soos 'n klein groepie mense onder Makkabees, geesdriflig en met suiwer harte die Here gedien het en die Siriese weermag verslaan het, net so was 'n klein kruikie olie in staat om vir agt dae te brand.

Op 'n meer ernstige noot, wat kan ons as dissipels van Jesus Christus in die jaar 2000 leer uit hierdie oorlewering? Soos ek dit sien, leef ons as kinders van God, in 'n tyd waarin die weë van die wêreld vinnig besig is om ons te bekruip. Dit sluit dinge in soos visualisasie, 'n gelag, beskonke gedrag gepaardgaande met geluide en aksies van

diere in plekke van aanbidding.
In **2 Kor. 6:16** verwys Paulus dat die liggaam van Christus (kerk), "die tempel van die lewende God" geen ooreenkoms moet hê met die weë van die wêreld nie. Soos in die tyd van Makkabees kry ons vandag weer 'n beweging in die rigting van Hellenisme of aanwêreld sisteem en eenwêreldgodsdiens wat die kinders van God infekteer – soms tot sò 'n mate dat dit moeilik is om te onderskei tussen Christene en nie Christene se morele waardes en gedrag.

Die konsep van heiligheid en heiligmaking is sò afgewater en die genade van God word so goedkoop aangebied dat sonde eenvoudig geïgnoereer word. Te veel kerke het plekke van vermaak en groepsterapie geraak met die fokus op selfliefde, eerder as 'n huis van aanbidding, om die Skrif te bestudeer en toewyding aan ons Hemelse Vader.
Daar is tye wanneer ons sien dat die volgelinge van Jesus hulle gelykstel met die weë van die wêreld en nie in staat is om uit hierdie mag te ontsnap nie. Ons sien ook baie geestelike leiers wat, na hul strewe om suksesvolle bedienings te bou, wêreldse besigheidsmaniere navolg. Dit laat ons baie kere mismoedig en ontnugter. Nogtans was dit nie deur die mag van die meerderheid of die weë van die wêreld nie, maar deur die moed en toegewydheid van 'n paar mense dat die tempel in Jerusalem weer aan God opgedra kan word.

Miskien is dit juis die boodskap van die Makkabees opstand: Soek eerder suiwer toegewydheid na die Waarheid en 'n Bybelse lewenstyl, ongeag persoonlike opoffering, as die soeke na mag en vermaak, die nuutste bemarkingstrategieë is of die nuutste "Wen die wëreld vir Jesus beweging". Die Makkabees het gewilliglik hul lewens neergelê, afgesonder en getrou gebly aan God en Sy wette, met die gevolg dat hulle bevoorreg was om deel te hê aan die toewyding van die tempel. Miskien kon ons ook Sy lig weer sien brand in hierdie donker dae as ons bereid is om standpunt in te neem teen die steeds (toenemende) invloede van die wêreld en onderdanig te lewe van Jesus (Yeshua) en Sy leerstellings (Bybel). Miskien kan ons wat ore het om te hoor, nie net die voorreg hê om die tempel te reinig nie, maar ook die "lewende stene" wees waarmee Sy Huis gebou word **(1 Pet. 2:5)**.

In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie (Joh.1:4-5).
Ons het die lewe van God ontvang deur ons persoonlike geloof in Jesus Christus, laat ons dan gekoester word deur Sy lig! As ons voel donkerte omvou ons en beroof ons van ons vreugde in die Here, laat ons dan 'n persoonlike Hannukah vier, 'n intieme hertoewyding van onsself aan ons Vader. Op diè manier sal ons 'n wonderwerk beleef: God sal 'n uitgeputte flessie olie helder laat brand vir "agt dae" m.a.w. 'n week sonder einde.
Geseënde Hannukah!
Ons vier die oorwinning
Van die min oor die baie,
Van die swakke oor die sterke,
Van die goeie oor die slegte,
Van die lig oor die donker.

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot daaroor gewerp (Luk. 23:34).

In die natuurlike het die mans presies geweet wat hulle gedoen het. Gebaseer op hulle beperkte en verduisterde begrip het hulle gedink dat hulle 'n bedreiging verwyder het! Dit is waarom Jesus dit kon sê. Hy het geweet dat hulle soos blindes was en gereageer het op hul sin van geregtigheid.

Hoe dikwels ontmoet ons diegene wat ons seer maak of verkeerd teenoor ons optree, selfs mede-Christene. Die Here beveel ons om te vergewe en soms is dit baie moeilik!

As ons egter deur Jesus se oë na hulle kyk en besef dat ons die lig verwerp, is ons dade dus in die donker gedoen; dan kan ons hulle vergewe.

Niemand kan 'n blinde persoon verantwoordelik hou om kleur, lig of natuurskoon te verstaan nie!
Ons was ook eens in die duisternis en aan ons is die wonderlike lig van verlossing gegee. Ons is vergewe van elke daad van ongehoor-saamheid. Wie is ons om God se genade te weier. Wanneer ons vergewe word ons bevry! Loof Sy naam!

THE CELEBRATION OF HANUKKAH

2 — 10 December

The Festival of Hanukkah began in 165 B.C.E. It celebrates the triumph and victory of the "few over the many", "light over darkness", and "good over evil". God's people were not prepared to compromise with their enemies, neither were they prepared to surrender to their pagan ways! The God of Abraham, Isaac and Jacob honoured the stand taken by the zealous determined remnant of Israel, who were prepared to fight to the death for their God, and He gave them the victory! What a wonderful lesson for us, encouraging us to stand and prevail in the face of onslaught, for if God be for us, who can be against us (**Rom. 8:31).**

The great battle of Hanukkah is a fascinating tale of how a small number of Jews triumphed over a wicked tyrant and freed Jerusalem and the Temple, preparing the way for the Messiah.

When the Assyrian-Greek king Antiochus came to power over Israel, he tried to Hellenise the Jews, to make them like Greeks. He made laws proclaiming that no Jewish practices could be observed, and he put Greek idols in the marketplaces and the Temple. He even commanded that pigs, unkosher animals, be sacrificed in the Temple, sacrificing one himself and pouring its blood over the scrolls and on the altar. This was abhorrent to the Jews.

In the town of Modin, Mattathias, a man of priestly descent, refused to obey the new laws and led an uprising. Judah, one of his sons, became the leader after his father's death. He was called Maccabee, which means "hammer"; his followers were called the Maccabees.

After three years of fighting, the Maccabees finally defeated the enemy and drove them from Jerusalem. Then they cleansed the temple and built a new altar. On the 25th of Kislev, they rededicated the Temple to God with a celebration that lasted eight days.

Among the traditions surrounding this festival is the story of the miracle of the oil. The Talmud, the codification of rabbinic writings, says that when the Maccabees cleansed the Temple, they found only enough pure oil to light the ner tamid (eternal light) for one day. But to their surprise, the oil lasted eight days until a new supply could be obtained.

In the New Testament we read in John 10:22 that Jesus (Yeshua), celebrated Hanukkah but does not give any specific details.

The battle for Jerusalem is commemorated every year by the celebration of Hanukkah, which this year commences on 2nd December and lasts to the 10th December. Its message is more urgent and important than ever before, since the desire of Israel's enemies to liquidate her is even stronger at this present time than in times past.

There are of course those who naively think that some sort of accommodation can be made with Israel's enemies. For them it is merely a case of giving up the Golan, Judea-Samaria, East Jerusalem and Gaza and all will be well! Nothing is further from the truth. The stated goal of all Israel's so-called peace partners is nothing short of total destruction of the Jewish state. Even the PLO has said this time and time again, but we are told by media junkies and other fools that this is just rhetoric for the masses. Yes it is, but they mean it.

In the final analysis this conflict is a spiritual one since the restoration of Israel enjoys Biblical support. This God-driven work of restoration will culminate in Israel's redemption, the coming of her Messiah, the destruction of all demonic power, and the introduction of the Messianic Age of peace and righteousness. This is

clear Biblical testimony, and nothing can change it. Given the reality of these facts it is therefore not surprising that the forces of darkness will mount an all-out global battle against Israel. The Bible clearly affirms this will happen.

"And I saw three unclean spirits like frogs coming out of the mouth of the dragon, out of the mouth of the beast, and out of the mouth of the false prophet. For they are spirits of demons, performing signs, which go out to the kings of the earth and of the whole world, to gather them to the battle of that great day of God Almighty …And they gathered them together to the place called in Hebrew, Armageddon" **(Rev. 16:13-16).**

And from the Old Testament: ***"Behold, I will make Jerusalem a cup of drunkenness to all the surrounding peoples, when they lay siege against Judah and Jerusalem. And it shall happen in that day that I will make Jerusalem a very heavy stone for all peoples; all who would heave it away will surely be cut in pieces, though all nations of the earth are gathered against it."***

"In that day…..I will strike every horse with confusion, and its rider with madness; I will open my eyes on the house of Judah, and I will strike every horse of the peoples with blindness. And the governors of Judah shall say in their heart. 'The inhabitants of Jerusalem are my strength in the LORD of hosts, their God'" **(Zech. 12:2-5).**

It goes without really having to say it that we are now seeing the beginnings of this global contest between the forces of evil and the Word of God. Moreover, the Bible teaches that the strategy of the Devil will be to divide the land of Israel.

"For behold, in those days and at the time, when I bring the captives of Judah and Jerusalem, I will also gather all nations, and bring them down to the Valley of Jehosophat: and I will enter into judgement with them there on account of my people, my heritage Israel, whom they have scattered among the nations; they have also divided up my land" Joel3:1-2

It is quite remarkable that the Bible foretells this strategy, but at the same time affirms that it is an evil one that incurs the wrath of God against the world. To put it bluntly, the nations are now on a collision course with the God of the Bible and of the universe.

This madness will eventually result in the following:

The Bible will be vindicated as the only true revelation from God. The God of Israel will be vindicated as the only true God.

The nation of Israel will be humbled, redeemed and delivered, and exalted as the chief of the nations.

Believers that have stood with and prayed for Israel will be vindicated.

These are urgent days, and the issues outlined above are going to become more polarising with each passing day. Those who stand on the clear Biblical revelation concerning Israel are going to be vilified and attacked from many quarters. The New World Order machinery will gather momentum, and immense pressure is going to be applied to Israel's leaders.

Even now the nations by and large have decided that Israel must be divided, and nothing as far as they are concerned can change this.

They are of course wrong! The God of the Bible, the God of Israel will change it! We are called to be on the side of the Bible. We are called to be watchmen on the walls of Jerusalem, and it is the Lord Himself who appoints us to this responsibility. No quarter must be given as we call upon God day and night to establish Jerusalem as a praise in the earth. As the great battle of Hanukkah looms on the horizon – a battle that will once and for all settle the question of who owns Jerusalem, God is appointing His watchmen as He declares in **Isaiah 62:6-7: I have set watchmen on your walls, O Jerusalem, who shall never hold their peace day or night. You who make mention of the LORD, do not keep silent, and give him no rest till he established and till he makes Jerusalem a praise in the earth.**

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

Aan die einde van 2018 is ons gebed dat elkeen van ons die vrug van die Gees sal openbaar in ons lewens.

Want dit is nie 'n goeie boom wat slegte vrugte dra nie, en ook nie 'n slegte boom wat goeie vrugte dra nie. Want elke boom word geken aan sy eie vrugte. Van dorings pluk 'n mens tog nie vye nie, en 'n mens sny ook nie druiwe van 'n doringbos nie (Luk. 6:43-44).
As Christene, word vir ons gesê watter vrugte ons behoort te dra.
Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie (Gal. 5:22-23). Die enigste manier om hierdie vrugte te produseer is deur aan Christus verbind te bly, die wynstok:

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie (Joh. 15:5).
Daarom, net soos ons nie appels kan vat en dit aan 'n boom kan vasheg en hoop dat dit sal floreer en groei nie, of om nagemaakte vrugte te neem en 'n boom te versier, hopende dat dit mense sal oortuig van hul egtheid, kan ons nie, soos Jesus gesê het, hierdie vrugte dra sonder Hom nie.

Ons deel is nie om daardie nagemaakte vrugte te maak of om hard te probeer om hierdie vrugte te "doen" nie, want vrug is 'n produk van om in Hom te bly!

Soos ons plek vir Jesus in ons harte en lewens maak, sal Hy die vrug van Sy Gees in ons produseer! Wat 'n geseënde vryheid is aan ons gegee. Laat ons ons harte instel op meer van Christus in ons. As Hy die begeerte van jou hart is, sal die res volg!

Mag die Here julle almal gedurende hierdie vakansie tyd seën. Ons gebed vir julle en jul families is dat die Here julle sal beskerm en aan julle die begeertes van jul hart sal gee.
Baie dankie vir jul wonderlike ondersteuning op elke gebied gedurende die afgelope jaar, ons waardeer julle liefde, aanmoediging en gebede geweldig! Dit is julle wat ons arms omhoog hou om aan te gaan met die verspreiding van die Woord, sodat siele gered en ingebring kan word in God se Koninkryk.
Liefde groete,

Meg en die Gebedspan

"DIE FEESTYE VAN DIE HERE"

Boek 51 teen R20.00



Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.